

Maandagaand 18 Mei - “Die gelowige lewe deur geloof alleen”

Skriflesing: Habakuk 1:12 - 2:4

Perspektief:

Habakuk moet daar waar hy sy hart voor die Here oopmaak oor wat rondom hom gebeur, hoor: dit gaan nie gou beter word of verander nie. *Daar is geen kitsoplossing nie, my kind.* So, die profeet trek die deur van sy binnekamer wéér toe en roep tot God. Nou volg ’n tweede gesprek – 1:12-2:20. In twee dele: 1:12-2:4 en 2:5-20.

Wéér, ’n klaaggebed van Habakuk (1:12-17): blykbaar het die Chaldeërs toe alreeds opgedaag en die land geplunder, die bevolking verrinneweer – skrikbeelde van massavernieting soos weerlose, stom visse in die treknette van groot vissersbote; selfs die enkeling ontsnap nie vlymskerp hoeke van die aanvallers nie. Maar méér nog: die krisis vir Habakuk se geloof, is dat die hand agter daardie treknet, vers 14, is dié van die Here self! En dit maak nie net die Here se antwoord vir Habakuk vreemd nie, maar God self het vir hom vreemd geword – verse 12 en 13: “Here, U is tog heilig, U is tog rein, U is tog Almagtig – Waarom doen U dan niks aan trouelose mense, waarom bly U stil...”

Goddeloses se triomf veroorsaak geloofskrisisse by gelowiges. Ons towerstaffie-God doen dan niks. Hoe kan Hy niks doen nie, terwyl ons beter as hulle is? **Habakuk ontdek dat God soms goddeloses gebruik om gelowiges op te voed (Hab 1:12).** Die volk van die Here het as gelowiges afgestomp geraak vir God se wet/God se wil. Die wet was op hulle lippe, maar nie in hulle dae nie. God se volk het geweld, onreg, ellende, verwoesting (onderdrukking) en twis/tweedrag gesaai. Dit wat hulle nou beleef aan die hand van die goddeloses, was dieselfde dinge wat hulle gedoen het. Hulle het dit net nie besef nie. Aan die hand van die Babiloniërs leer hulle hulself ken, maar hulle ontdek ook die rol van slafoffer wees in ’n samelewing waar God se wet/wil geïgnoreer word.

In hulle geloofs-worstelstryd onder die hand van goddeloses, word hulle ook gekonfronteer met die vraag: Glo julle in God se seën/sy goed, of glo julle in God wat lewe skep deur sy wil uit te leef? Hulle moes ontdek dat ons God nie dien om sy seën te verdien nie, maar sy seën gebeur deur sy wil uit te leef. **Ons word dus nie in die eerste plek geseën nie, ons word ’n seën aan die hand van God.** Waar God gedien word, genees ’n samelewing. In hierdie genesing speel elke individu ’n baie belangrike rol.

Die triomf van die goddeloses dwing Habakuk weer terug na sy binnekamer. Ons leer dus ook hier dat wanneer die werklikheid ’n geloofskrisis by ons veroorsaak, ons God se teenwoordigheid in gebed moet gaan opsoek. Hab 2:1: Ek wil op my uitkyktoring gaan staan, my plek op die vestingmuur gaan inneem, ek wil wag om te verneem wat die Here vir my sal sê en wat ek moet antwoord wanneer mense my verwyf.

Habakuk kry ’n antwoord.

Hab 2:2-4: Die Here het toe vir my gesê: Skryf wat Ek aan jou gaan openbaar duidelik op kleitablette sodat mense dit sommer in die verbygaan kan lees. Dit is die boodskap: Wie nie reg gesind is nie, sal sy verdiende loon kry, maar wie reg doen, sal lewe omdat hy getrou bly.

Habakuk hoor dat God wel optrede wat nie in lyn met sy wet/wil is nie, straf. Terwyl die volk van God op die oomblik die storm moet deursien wat hulle gesaai het, kan hulle weet dat God die goddeloses finaal gaan straf. Habakuk ontdek dat God se ratte stadig draai, maar hulle draai beslis. Hab 2:3: Jy moet net geduldig bly wag as dit nie gou kom nie, want

dit kom beslis, dit sal nie uitbly nie. Die goddeloses sal beslis nie ongeskonde daarvan afkom nie.

God se wet, al is dit vertrap deur mense, is nie opgehef nie – en God sal dít daarom handhaaf – Hy gaan ingryp...

Habakuk leer ook dat God mense wat lewe skep met hulle optrede, midde in 'n leweloze goddelose triomf, seën met lewe. Hab 2:4: Dit is die boodskap: Wie nie reg gesind is nie, sal sy verdiende loon kry, maar wie reg doen, sal lewe omdat hy getrou bly.

Habakuk, hulle wat regdoen; wat volhard het in hul gehoorsaamheid en diens aan die Here, hulle sal bly lewe. Vanuit die Nuwe Testament, teruggekyk na Habakuk, sou hierdie lewe sekerlik meer as net “aan die lewe bly” kon beteken. Ons wat vandag lewe skep midde in die goddelose triomf (wat leweloosheid skep), sal self lewensvreugde beleef, ons sal ook lewe skep in 'n dorre woestyn, maar ons kan ook uitsien na die finale triomf van die Groot Oorwinnaar!

Ons word dus nie net draers van God se lewe omdat ons in ruil daarvoor deur Hom bevoordeel moet word nie. Ons word draers van die lewe van God, omdat ons glo dat die lewe van God ons eie lewens verryk, maar ook van die samelewing 'n beter plek maak. **Ons dien God dus nie om te ontvang nie, maar juis om te gee.** God se wil word 'n oase in 'n dorre woestyn wat deur ongehoorsaamheid aan sy wil geskep word. Geloof in God word dus nie 'n selfgesentreerdheid nie, maar 'n daad van omgee vir 'n dorre samelewing.

Slot:

Ons kan weet dat dit wat ons nou beleef as die triomf van die goddeloses, 'n bruikbare instrument in God se hand is. Kom ons wees biddend oop vir God se stem. Miskien wil Hy ook vir ons leer dat ons dalk in die verlede die pad byster geraak het. Ons kan ook met vreugde hoor dat God die finale sê het oor optrede wat Hom misken. Sy ratte draai stadig, maar beslis. Ons kan ons verbly in sy wil en wet, want wanneer ons dit doen, kom daar lewe in ons en om ons. Waar ons sy wil en wet uitleef, skep die Gees Goddelike lewe!